Tema: God (die Druiweboer) het vir Homself ‘n wingerd geplant (die kerk) waar Hy almal (die lote) in Christus saambind om vir Hom vrug te dra!

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps 100 - 1: 1, 2, 3
Votum
Seën
Loflied Ps 84 - 1: 1, 2, 5
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Johannes 15: 1 – 17; Teksverse 1 en 12
Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 21
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Lied 478: 1, 2
Seën
Amenlied: Sb 13-3.

Geliefde brs en srs

Ons leef in 'n tyd waarin daar toenemend gesê word dat die kerk in sy gemeentelike gestalte se dae getel is. Ons hoor van sg “buite-kerklike” Christene. Mense wat hulleself van die kerk afsny en nie meer belangstel om deel van ’n gemeente te wees nie. Met groot stelligheid en bravade word die kerk as dood verklaar en spreek mense hulle blydskap uit dat hulle tog net klaar met die kerk kan wees!

Hulle beskou hulleself nog as gelowiges, maar hulle wil eerder 'n soort private godsdiens wil bedryf. Hulle sê: “Ons glo in God, maar ons glo nie in die kerk nie”. Br. en sr., dit is so goed jy sê vir 'n vriend: Man, weet jy, ek hou verskriklik baie van jou, ek wil graag jou vriend wees, maar ek hou niks van jou vrou nie – ek kan haar nie verdra nie!!!??? . Christus sê dan immers Hy is die Bruidegom en die kerk is sy bruid. Hoe kan jy vriend van die Bruidegom wil wees, maar nie vriend van die Bruid nie! Daarin lê 'n innerlike teenstrydigheid! So 'n uitspraak staan lynreg teenoor wat God in sy Woord aan ons openbaar.

In antwoord op hierdie moderne buite-kerklike gelowiges sê die Here: God (die Druiweboer) het vir Homself ‘n wingerd geplant (die kerk) waar Hy almal (die lote) in Christus saambind om vir Hom vrug te dra!

Ja, ons is geskep om deel te wees van God se familie in die kerk. As jy in Christus glo is jy deel van die kerk – jy kan nie los daarvan leef nie! En as jy in Christus glo is jy geroep om God in en deur die kerk te verheerlik! Dit maak Sondag 21 van die Kategismus baie duidelik!

Iemand wat dus nie aan die kerk wil behoort nie, kan God nie volgens sy opdrag so verheerlik nie, leef teen die wil van God, is bloot ongehoorsaam en loop die risiko om sy doel vir ewig te mis. Jy loop die risiko om deur jou volhardende ongehoorsaam deur God van die kerk afgesny te word!

1. Die eerste waarheid waaraan ons moet vashou in ons antwoord aan hierdie mense is : God het jou deel gemaak van die kerk en die opdrag is: bly in Christus!

Dit is God se verlossingsplan om jou deel te maak van die kerk. Onthou, die woord “kerk” beteken “vergadering van gelowiges”. Ons verstaan van die kerk of anders gesê,ons kerkbegrip, moet dus nie vasgevang word in strukture, programme en geboue nie, maar in verhoudinge. Ons leef in verhouding met God en met mekaar en daarom is ons 'n vergadering van gelowiges, is ons die kerk vergestalt in ’n gemeente.

God wou dit so hê. Hy is die Druiweboer wat vir Homself 'n wingerd geplant het – dit was sy doel met sy kinders. Hy plant Christus as die ware wingerdstok en ons is die lote in Hom. Ons leef in verhouding met Hom en met mekaar.

Jesus, geliefdes, is die oorsprong en die wese van die kerk. Sonder Hom kan daar geen kerk wees nie. Die metafoor van Jesus as die wingerdstok het dieselfde betekenis as van wat ons ons lees in Efes 1:11 [11]Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem. Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.” So ook in Efes 1: 22 : [22]Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk.”

Dieselfde gedagte vind ons in Efes 2: 20 - 22 [20]Julle is ’n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, ’n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. [21]In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot ’n heilige tempel vir die Here, [22]in wie julle ook saam opgebou word as ’n geestelike huis waarin God woon.”

Dit is Jesus as die Wingerdstok! Hy is die begin en die wese van die kerk! Hy voorsien die lewenssap aan die lote, Hy gee aan die kerk haar lewe, want Hy het sy lewe vir haar gegee. Die volk Israel van die Ou Testament was God se eerste wingerdstok, maar hulle kon vanweë hulle sonde nie die vrugte voortbring wat God wou hê nie, daarom plant Hy vir Christus as druiwestok.

Christus het deur sy versoeningswerk vir ons die nuwe lewe gegee en ons deur die geloof in Hom ingeplant het. Ons is die lote en ons is in Christus geplant as die begin van die nuwe en ware kerk van God – in Christus inge-ent, op Hom gebou!

Br. en sr, net soos daar geen gemeenskap met God sonder Christus is nie, net so kan daar ook geen kerk wees sonder Christus nie. Hy is die druiwestok – Hy voorsien wat nodig is om te glo en tot eer van God te lewe.

Die tweede waarheid wat ons moet vashou is: ons is die lote wat almal saam inge-ent is in Christus! Net soos ons deel het Christus het ons deel aan mekaar! God het ons ook uitverkies om in Christus deel te wees van sy wingerd.

Br. en sr. met jou deelwees van die kerk, met jou betrokkenheid, met jou meelewing en diens aan God en jou medegelowiges – daarmee verheerlik jy God. Met jou deelwees is jy besig om een van God se grootste planne vir jou lewe tot uitvoering te bring. Het jy ooit al so oor jou gemeentelike betrokkenheid gedink? Dat jy so besig is om jou Here te verheerlik?

Ons moet hierdie feit weer mooi oordink, want ons kan so maklik van ons kerklike bestaan en aktiwiteite iets formeel en struktureel maak. Ek is lidmaat van Potch-Oos en hier moet ek seker op een of ander manier deelneem aan die programme van die kerk!

Nee, so het God dit nie bedoel nie! As ons besef: God het my deel van die gemeente gemaak sodat ek met my hierwees en my diens Hom kan verheerlik, dan kry dit 'n heel nuwe betekenis. Dan kan ek werklik gemotiveerd wees om te dien – want die fokus val op God en nie op mense nie.

God wil hê dat ek vrugte moet dra. Hy as die druiweboer staan die gedurig met sy snoeisker by die druiwestok en snoei aan die lote sodat hulle meer vrug kan dra. God is ook besig met snoeiwerk aan my op verskillende maniere. Die Woordverkondiging waardeur Hy met my praat en my bemoedig en aanmoedig. Beproewinge in my lewe wat Hy op my pad bring om my meer vrugte te laat dra. Gawes en talente wat Hy my gee wat ek moet gebruik.

En die lote wat nie vrugte dra nie word afgesny. Dit is die skyngelowiges wat in die kerk sit, maar nie waarlik glo nie. Hulle word uiteindelik afgesny en saam met die ongelowiges vir ewig verwerp.

Ja, nog meer: die Druiweboer wil dat ons vrugte dra as sy kerk! Nie net as indiwiduele lidmate nie – maar ook as kerk soos ons bymekaar kom in ŉ gemeente! Gemeentes moet hulle vrug vir die Here dra! Die hele wingerd moet sy oes lewer!

Watter vrugte? Johannes noem hier twee vrugte: een met betrekking tot ons verhouding met God en een met betrekking tot ons verhouding met mekaar!

Die eerste vrug hou verband met ons verhouding met God en dit is 'n innige en opregte gebedslewe
ŉ Biddende gemeente is ŉ gemeente wat God verheerlik! Hy wil dat ons vrug dra in die wyse waarop ons as gemeente bid! Bid in ons binnekamer, bid wanneer ons bymekaar kom, bid in ons eredienste!

Maar hand aan hand met gebed kom ook gehoorsaamheid aan die Woord van die Here! Jesus sê in vers 7 – as julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê en julle sal dit kry!
Saam met gebed gaan ŉ gemeentelike lewe van gehoorsaam en sorg dat almal aan die Here getrou bly! En kyk die belofte van die Here: bid en julle sal ontvang!

En nou is die vraag: Is ons as gemeente werklik ŉ biddende gemeente? Is dit vir ons ŉ kernelement van ons gemeentelike lewe? Daaroor sal die ouderlinge ŉ antwoord moet gee, maar ook elke lidmate! As ons as gemeente die Here wil verheerlik – dan moet ons bid! Die Boer kom soek hierdie vrug by ons!

2. Die tweede vrug lê op die vlak van ons verhouding met mekaar! God het jou deel gemaak van ŉ geloofsfamilie! Ons moet ook by mekaar bly? Hoe ? Vers 12: deur ons liefde vir mekaar!

Geliefdes, God het ons nie as enkelinge in die wingerd geplaas nie. Ons is saam met ander lote hier ingeplant. En God sê: Ons moet ook by mekaar bly. Ons moet mekaar liefhê. God word verheerlik – ons bereik ons Godgegewe doel: as ons mekaar liefhet. Daarom kan ek my nie van die kerk afskei om op my eie ŉ privaat geloofslewe te gaan lei nie! Daarmee gaan ek direk teen God se wil in! So kan ek nie God hierin verheerlik nie!

Sonder liefde is die lewe sinloos. Sonder God se liefde vir ons in Christus is alles sinloos in my lewe. Net so: sonder liefde vir ander mense is my lewe ook betekenisloos. Dan kan ek niks vir God beteken en doen nie.

Dit is ook waarom Jesus hier die voorbeeld gebruik van wat Hy vir sy kerk sou doen: Hy sou sy lewe opoffer vir sy kerk – dit is die grootste bewys van God se liefde – dat ek my lewe opoffer vir ander mense en dit kan ons net doen wanneer ons bymekaar kom as gelowiges! As daar ŉ geloofsgemeenskap is waar ek so opofferend kan dien! Daarteenoor – maak ek my los van die kerk, gaan sit ek op my eie in my selfsug en die lewe draai net om my en my behoeftes.

Geliefdes, hoe moet ons mekaar lief hêt?
Liefde is tyd wat spandeer word. Br en sr., die wyse waarop ons ons tyd deurbring demonstreer watter waarde ons aan sekere dinge heg. As ek iemand waarlik liefhet, spandeer ek baie tyd saam met so 'n persoon.

Hoe kan ons mekaar in die gemeente liefhê en ons lewens vir mekaar opoffer as ons nie tyd by mekaar deurbring en mekaar leer liefhê nie???

Onthou, die Here vra nie meer tyd nie, maar Hy vra dat jy meer liefde en prioriteit sal gee aan die dinge wat werklik saak maak in die lewe – soos jou diensbaarheid aan ander in die gemeente.

As ons God wil verheerlik, moet ons meer tyd as medegelowiges bymekaar deurbring sodat ons kan leer om mekaar lief te hê. Dit is waarom ons 'n bietjie saam teedrink, gemeente-etes hou, kuierkampe hou, Bybelstudies hou – sodat ons mekaar kan leer liefhê.

'n Mens kry dikwels dat lidmate in ‘n gemeente nie van ander lidmate hou nie. Hulle sê dan : ons hou ons eerder eenkant want daardie een is so en hierdie maak sus. Weet u, God vra u nie om ideale mense lief te hê nie, want daar bestaan nie sulke mens nie.
God vra jou om sondaarmense lief te hê. Jy was self immers sondaar en God het jou lief gekry. Wie is ons om onsself beter of slegter as ander mense te stel.?

Geliefdes, kom ons as gemeente beantwoord aan God doel vir ons lewe deur mekaar in hierdie gemeente van harte lief te hê. Maak moeite en spandeer tyd saam met ander lidmate – so gaan jy hulle kan liefhê.

So – deur die liefde – word ŉ gemeente ŉ plek van vreugde en blydskap! Jesus beklemtoon dit in vers 11. Die vrug van liefde is vreugde en blydskap! Die blydskap wat Jesus se liefde vir ons gebring het, kan ons nou ook met mekaar deel! Waar ŉ gemeente regtig mekaar lief het, kan dit aanvoel en gesien word! Liefde bring vreugde en blydskap! En dit maak God se hart bly! Dit verheerlik sy Naam wanneer ŉ gemeente so leef!

Brs en srs, God (die Druiweboer) het vir Homself ‘n wingerd geplant (die kerk) , hierdie gemeente van Potch-Oos! Hier het Hy almal (die lote) in Christus saambind sodat ons vir vir Hom vrug kan dra!

Die Here wil hê dat ons hier in die kerk moet wees en Hom moet verheerlik.

Daar is nie iets soos buite-kerklike Christene nie, net soos min soos jy Christus en sy Bruid van mekaar kan losmaak! Net so min as wat lote van wingerdstok kan afsny en dink hulle sal bly lewe.

Amen